# Uitenhage schoolboy takes top prize

(2004)

**By RUPERT MAYR**

UITENHAGE organist Winand Grundling, a Grade 11 pupil at Brandwag High School, won the Absa National Youth Music Competition at the weekend.

He was also the organ category winner.

Second prizes were given to organist Elton Brandt, pianist Ammiel Bushakovitz, flautist Cobus du Toit, cellist Jacques-Pierre Malan and Port Elizabeth horn player Caroline van Renen.

Pianist Sylvia Jen, trumpeter Methenjwa Machi, saxophonist Abraham Mennen and both violinists Avigail Bushakovitz and Seyun Kwon were given the first prize in their respective categories.

The 15-year-old pianist Stefan du Toit won the Petronel Malan Prize for the most promising candidate. Special bursaries were also awarded to oboist Edwin Davids and trumpeter Mandla Mlangeni.

The prestigious Absa National Youth Music Competition, now in its 21st year, was presented by UPE Cultura in association with Artscape and Nelson Mandela Metropolitan Municipality and held at the UPE Auditorium.

More than 100 high school pupils from all over the country entered. After auditions at various centres held earlier in the year, 36 candidates contested the competition final rounds at UPE last week.

While pianists and cellists featured most prominently, other instrumentalists ranged from organists, violinists, flautists, clarinetists to saxophonists and trumpeters and even included an oboist, a hornist and a percussionist.

It was only over the course of three rounds that seven candidates were eventually selected to present themselves in Friday evening's gala event. Besides an organist, a pianist and three string players they included, for the first time, a trumpeter and a saxophonist.

Following a trend already noticed at earlier competitions, programmes chosen for this occasion clearly favoured music from the romantic and modern periods. This not only allowed the various candidates to display their often remarkable technical ability but also to prove their familiarity with the special demands of 20th century music.

In turn it also provided the audience with an opportunity to acquaint itself with music quite off the beaten track such as Eben's *Sonntag Musik*, Ysaye's *Ballade*, Hindemith's *Trumpet Sonata* and Peter Klatzow's *Seapoint*.

Alternatively, I enjoyed the romantic sounds of Bloch's *Prayer*, the humour of Matitia's *Devil's Rag* and admired the brilliance required to master Ginastera's *Danzas Argentinas* and Ravel's *Tzigane*.

While adjudicators made their final decisions the UPE Choir, conducted by Juanita Lamprecht-Van Dijk and Christopher Lumka respectively, entertained the audience with a selection of traditional spirituals and a display of Afri-

– RUPERT MAYR



Winner Winand Grundling

BEELD: 14-09-2009

# Pta-tjellis Malan wen ATKV-muziq

## Raap nog 'n bonusprys op

Thys Odendaal

Die Pretoriase tjellis Jacques-Pierre Malan, 'n voormalige student van die tjellis Berthine van Schoor en van Heleen du Plessis by die UP se musiekskool, het die ATKV se landwye kunsmusiekkompetisie, ATKV-muziq, gewen.

Die 22-jarige Malan is as medewenner van die strykersafdeling aangewys, saam met die Durbanse violis Jacqueline Wedderburn-Maxwell, wat pas na die buiteland vertrek het vir verdere studie. Hulle het elk R5 000 as kategoriewenners ontvang. Hy is toe ná die eindronde waaraan al de kategoriewenners in Bloemfontein opgetree het, aangewys as die algehele wenner en is beloon met R35 000.

In dié kompetisie word wenners in verskillende musiekgroepe aangewys en uit die wenners word 'n algehele wenner gekies.

Musici tussen die ouderdomme van 15 tot 27 jaar en sangers tot 30 jaar word tot die kompetisie toegelaat.

Die ander wenners van die onderskeie afdelings is Olga Rademan (klavier), Winand Grundling en Hentus van Rooyen (orrel), die klarinetspeler Annelize de Villiers (blasers) en die slaginstrumentalis Cherilee Adams (perkussie).

Met Suid-Afrika om verskeie redes ryk aan kamermusici en talle kamermusiekensembles en sangers wat plaaslik en internasionaal skitterende prestasies in die voorste konsertsale en operahuise behaal, kom dit as 'n verrassing dat geen toekennings vanjaar in die kategorieë sang en kamerensembles gemaak is nie.



**Jacques-Pierre Malan: wenner met sy tjello.**

Malan het met 'n verdere bonusprys – as die beste vertolker van 'n barok- of klassieke werk – sy prysgeld tot R45 000 opgestoot.

Daar word jaarliks 'n belangrike bonusprys toegeken vir die beste vertolking van 'n werk deur 'n Suid-Afrikaanse komponis.

Annelize de Villiers het as wen-blaser R5 000 by haar kategorieprys gevoeg met haar weergawe van *Variasies op 'n tema van Béla Bartók* (vir solo-klarinet) van Peter Klatzow.

Navrae: ☎ 082 851 7157.

FUL het uit op hom geneem om die onheilstrein te ontspoor. Hy moet weet alle hel gaan om sy kop losbars. Dit help dat morele gesagsfigure soos emeritus aartsbiskop Desmond Tutu en dr. Mamphela Ramphele in FUL se hoek is. Kriegler en die ander wit mense moet hulle egter staal vir 'n rassestorm van epiese proporsie. Dit help dat dié fynbesnaarde-juris regtig 'n dapper mens is.

Jesus se liggaam. Hoe erg is dit nie as ons sy liggaam vir ons sake gebruik nie!

Dit het my laat dink aan die verhaal van die reiniging van die tempel (Markus 11:11-25). Op pad na die tempel in Jerusalem vervloek Jesus 'n vrugtelose vyeboom. Die boom verdroog en word 'n simbool van die tempel. Soos 'n vyeboom moes die tempel 'n lewende stelsel wees wat vrugte dra. Mense van alle

daarvan 'n rowerspe
'n oneerlike onderne
geestelike prostitusi

In die Nuwe Testa
gemeente uitgebeeld
met Jesus as Hoof. D
word ook 'n tempel g
Hy deur sy Gees woo
ge is nou ook persoo

Kerke met 'n ABC-
*dance, buildings, cas*
telike prostitusie.

# Moenie wag, gee kind 'n valhelm vir fietsry

**Sindey Louw skryf uit Hamilton, Nieu-Seeland:**

Ek en my gesin woon nou al so vyf jaar in Nieu-Seeland. Ons leefstyl het heelwat verander sedert ons Suid-Afrika verlaat het.

Ons het die vrymoedigheid om elke dag met ons hond te gaan stap; soms neem ons dogters die hond sonder dat ons hulle hoef te vergesel. Ons het ook sedert ons hier is fietse aangeskaf en ons ry gereeld as gesin saam.

Hier is wetgewing wat jou verplig om 'n valhelm te dra, of jy nou ver gaan ry of net om die draai vir jou maatjie gaan kuier. Een van die kinders se maats het nie lank gelede nie met haar fiets om 'n draai gegly en met haar kop op die sypaadjie geval. Haar valhelm het gekraak van voor na agter, maar die kind het geen besering opgedoen nie.

Ek kan nie glo ons het al die jare in SA ons kinders sonder enige hoofbeskerming laat fietsry nie en ek wil alle ouers maan om wakker te skrik. Moenie wag vir wetgewing om jul kinders te beskerm nie; sorg dat hulle hoofbeskerming op het as hulle op hul fietse uitgaan, selfs al is dit net kleinboet op sy driewiel. My hart gaan uit na die ouers wat hul seun verloor het.

**Wat sê jy?**
E-pos: briewe@beeld.co
Faks: 011-713-9956/7



Of skryf aan:
Redakteur, Beeld
Posbus 333 Auckland Park 2

# Unisa skok met weglating van SA musikus

**C.L. Botha van Garsfontein skryf:**

Die weglating van J.P. Malan uit die name van die laaste drie finaliste van die Unisa-musiekkompetisie het skokgolwe in die Pretoriase musiekgeledere veroorsaak.

Sy uitvoering Dinsdagaand het unieke hoogtes bereik en daarin is hy deur Annalien Ball op vleuelklavier uitmuntend ondersteun. Met die aanhoor van sy Flageolettone in Paganini se Variasies op 'n Tema van Rossini het sy spel uitgestyg bo die alledaagse en sy landsgrense – 'n solistiese kragtoer onderskraag deur 'n stralende musikaliteit.

Kan Unisa nie maar weer gevestigde soliste van status gebruik as jurielede nie en administrateurs en radiokommentators los waar hulle hoort?

# Kyk eerder weer na dronkbestuur

**Ongelukkig van Centurion skryf:**

"Ons is stoere rassiste en ons bestuur dronk" (Vrydag, 4 September) deur Klips van Pretoria verwys.

Graag wil ek net by sy brief voeg: Ons mag met klein kinders in die kar dronk bestuur. Maar ons mag nie in die kar rook met 'n kind onder die ouderdom van 12 jaar nie. Dankie daarvoor, Klips!

Kan iemand vir my sê wat is die gevaarlikste: 'n Dronk persoon met 'n klein kind in 'n motor of 'n roker met 'n klein kind in 'n motor?

Dalk moet ons minister van gesondheid die minister van polisie ondersteun in die bekamping van misdaad en geweld in ons land waarvan dronkbestuur een van die grootste probleme is.

# Middelburg-motorfietsers het 'n punt beet

**Bernard K. Hellberg van Wapadrand, Pretoria, skryf:**

Ek stem heeltemal saam met die beswaarde motorfietsryers van Middelburg. Waarom moet hulle dieselfde tolgeld betaal as 'n motor (wat 'n woonwa sleep)? Volgens die baas van Sanral, aan wie ek 'n tyd gelede dieselfde vraag gestel het, "consume" 'n motorfiets net soveel "road" as bogenoemde voorbeeld.

Motoriste weet dit dalk nog nie, maar ek hoor die hele Gauteng gaan binnekort afgedig word met outomatiese tolhekke wat jou 50c/kilometer uit die sak gaan jaag.

Beeld
M 7 Sept 2009

boeke@beeld.com
kland Park 2006, faks: 011 713 9956/7

Beeld
Jou wêreld, Jou koerant

Druk hierdie artikel


# Strykers van 18 lande na Unisa

2010-01-10 22:21

Thys Odendaal

Altesame 28 strykers verteenwoordig 18 lande op die Unisa Internasionale Strykerskompetisie wat op 22 Januarie in Pretoria begin.

Vier Suid-Afrikaners wat verlede jaar aan die Unisa Nasionale Strykerskompetisie in die Jakarandastad deelgeneem het, is toegelaat om aan die internasionale kompetisie deel te neem – die violiste Avigail Bushakovitz (22) van George, Vicente Espi (22) van Kaapstad en Jacqueline Wedderburn-Maxwell (16) van Durban, die jongste deelnemer; en die Pretoriase tjellis Jacques-Pierre Malan (22), seun van een van die land se voorste hobospelers, Kobus Malan, wat tot onlangs aan die Johannesburg Philharmonic verbonde was.



Jacques-Pierre Malan: die enigste Suid-Afrikaanse tjellis wat toegelaat is tot die internasionale kompetisie wat van 22 Januarie tot 5 Februarie in Pretoria plaasvind.Foto: Samantha Simmons

Foto's · Leser se Foto's · Nuus in Foto's
Stuur vir ons jou foto's · Stuur vir ons jou foto's

Die insluiting van Malan jr., wat in 2006 op 20 sy debuut saam met die SA Jeugorkes in Johannesburg gemaak het, is interessant: Hy was klaarblyklik die beste tjellis in verlede jaar se kompetisie, maar het nie tot die eindronde deurgedring nie.

Nog 'n deelnemer wat al saam met orkeste in Johannesburg, Durban en Kaapstad opgetree het, is die Chinese violis Can Gao.

Die ander violiste is Hrachya Avanesyan (Armenië), Andrei Baranof (Rusland), Timothy Braun (VSA), Alexander Gilman (Duitsland), Peter Jasuir-kowski (Pole), Yura Lee (Korea), Qianqian Li (Taiwan), Elena Mikhailova (Spanje) en Eugenia Ryabinina (België).

Die tjelliste uit die buiteland is Georgi Anichenko (Belarus), Marta Bagratuni (VSA), Charles-Antoine Duflot en Louise Rodde (albei van Frankryk), Chiara Enderle (Switserland), Hans Goldstein (Noorweë), Olena Guliei (Oekraïne), Agnes Kallay (Hongarye), Anton Pawlofski en Alex- ander Ramm (albei van Rusland) en Martin Smith (Australië).

Navrae: 012 429 3344.

Redakteur: **Elretha Britz**
ebritz@volksblad.com

# Samro-wenner na Israel

(2012)

**Elretha Britz**

DIE 24-jarige violis Avigail Bushakevitz gaan ná haar oorwinning in die Samro-kompetisie vir oorsese studiebeurse Saterdagaand in Johannesburg na Tel Aviv in Israel om haar talent aan die Buchmann-Mehta-musiekskool verder te slyp.

Die naaswenner, die 24-jarige tjellis JP Malan, keer volgende week terug na die Peabody-instituut van die John Hopkins-universiteit in Amerika waar hy vir 'n meestersgraad aanvaar is.

Bushakevitz en Malan het mekaar die stryd in die afdeling vir Westerse kunsmusiek aangesê.

Darren English (21), 'n trompetspeler van die Universiteit van Kaapstad (UK), het die afdeling vir jazz en populêre musiek gewen. Die naaswenner is 'n mede-trompetstudent, die 25-jarige Mandla Mlangeni.

Die wenners ontvang R170 000 elk en die naaswenners R40 000.

Malan kon altesaam R115 000 in sy sak steek nadat hy ook die Samro-Eve Gettleson-strykerstudieprys van R75 000 ontvang het. Bushakevitz het R5 000 by haar totaal gevoeg vir die beste uitvoering van 'n voorgeskrewe werk in haar afdeling.

English se eerste uitvoering van 'n voorgeskrewe werk het aan hom 'n bykomende R5 000 besorgrys.

Die finaliste wat in die halfeindronde vir kunsmusiek uitgeskakel is, is die saxofoonspelers Liam Burden en Lombard Matthew, die violis Vicente Espi en Tabisher.


In die jazz-afdeling is die trompetspeler James McClure, baskitaarspeler Benjamin Jephta, kitaarspeler Creshwell October en fluitspeler Monique von Willigh in die halfeindronde uitgeskakel.



Avigail Bushakevitz

Volgens Leonore Bushakevitz, Avigail se ma, het haar dogter voor die kompetisie die Wêreldjeugorkes van Aldeburgh in Engeland as konsertmeester gelei. Duisende jong musici van oor die wêreld heen het aansoek gedoen om plek in dié orkes, wat spesiaal vir Brittanje se jubileumjaar en Olimpiese Spele op die been gebring is.

Bushakevitz, wat vanjaar aan die Juilliard-skool in New York gegradueer het, speel vandeesweek eers Saint-Saëns se *Viool-concerto nr.3 in B mineur* met die Johannesburgse Filharmoniese Orkes voordat sy Maandag na Israel vertrek. Sy is in Israel gebore, maar woon sedert 1989 in Suid-Afrika.



JP Malan

Malan het aan die Universiteit van Pretoria gegradueer en is die seun van Kobus Malan, fagotspeler in die Vrystaatse Simfonieorkes, en Kenau Beck van die Odeion Skool vir Musiek in Bloemfontein

# Pta-tjellis wen ATKV-Muziq

(2009)

**ELRETHA BRITZ**

JACQUES-PIERRE MALAN, die oorwoë gehoor-gunsteling Saterdagaand in die Odeion in Bloemfontein, is as wenner van die agtste nasionale ATKV-Muziq-kompetisie vir jong klassieke musici aangewys.

Dié 22-jarige tjellis is 'n B.Mus.-student in sy vierde jaar aan die Universiteit van Pretoria (UP) en 'n leerling van Heleen du Plessis.

Sy wenprys is R35 000.

Aan die einde van die aand kon hy altesaam R45 000 in sy sak steek nadat hy ook 'n bonusprys van R5 000 vir die beste vertolking van 'n Barokwerk in die derde ronde ontvang het en R5 000 as kategoriewenner.

Sewe kategoriewenners het Saterdagaand op 'n gala-geleentheid om die algehele wenprys meegeding.

Hulle is Olga Rademan (klavier), 'n oud-Kroonstadter wat musiek aan die Universiteit van Kaapstad (UK) studeer, die klarinetspeler Annelize de Villiers (houtblaaswenner), ook 'n UK-student, die perkussiespeler Cherilee Adams (ander instrumente), 'n student aan die Universiteit van Stellenbosch (US), die orreliste Winand Greyling (US) en Hentus van Rooyen (UP), en die 16-jarige Durbanse violis Jacqueline Wedderburn-Maxwell, saam met Malan wenner in die strykerkategorie.

Geen pryse is in die sang- en ensemblekategorieë toegeken nie. Twee wenners is egter in die orrel- en strykerkategorieë aangewys ter erkenning van die besonder hoë standaard van dié kandidate.

Malan het man en muis beïndruk met sy vertolking van Bach se *Suite nr. 5 (prelude)*, *Suite vir solo-tjello* (tweede en derde beweging) van Cassado en Paganini se *Variasies op een snaar op 'n tema van Rossini*.

Hy was tegnies absoluut in beheer, sy intonasie was puik en sy spel afgerond, maar dit is sy temperament wat die meeste oorrompel het. Malan het 'n goeie begrip vir die verskillende style getoon en dit met 'n spontane musikaliteit weergegee.

Dié Pretorianer, wie se kop ná sy B.Mus.-graad Amerika toe staan, is die seun van Kenau Beck, musiekdosent aan die Universiteit van die Vrystaat, en Kobus Malan, vroeër jare hoofhoboïs in die Sukovs-orkes.

Altesaam R80 000 was vanjaar op die spel in die ATKV-Muziq-kompetisie vir klassieke musici van 15 tot 27 jaar en sangers tot 30 jaar.

Ná die eerste ronde oudisies vroeër vanjaar het 33 musici deurgedring tot die tweede en derde ronde wat verlede week in die Odeion beslis is.

Die beoordelaars was Lize Thomas (sameroeper), hoof van die operaskool aan die UP, die Bloemfonteinse dosent en klarinetspeler Heinrich Armer, Franklin Larey, hoof van die klavierdepartement aan die UK, die Gautengse violis en leermeester Kolwane Mantu en dirigent David Scarr, hoof van die koperblaasdepartement aan Kingswood College in Grahamstad.



**JACQUES-PIERRE MALAN** Saterdagaand met sy uitvoering in die Odeion in Bloemfontein.

2012

# Wakkerstroom: Mennen wen, JP Malan tweede

**Elretha Britz**

ABRAHAM MENNEN, 24-jarige saxofoonspeler van Pretoria, het die naweek 12 finaliste in die eerste Wakkerstroom-musiekkompetisie die loef afgesteek en die eerste prys van R100 000 verower.

Mennen, wat aan die Royal College of Music in Londen studeer het, het verlede jaar ook die ATKV-Muziq gewen.

Die 25-jarige tjellis Jacques-Pierre Malan is die naaswenner waarvoor hy met R70 000 beloon is.

Willem de Beer, 'n B.Mus.-student aan Tukkies, het die derde prys (R20 000) gewen en Megan-Geoffrey Prins van die Universiteit van Stellenbosch die vierde prys (R10 000).

Malan se tweede plek volg op 'n tweede plek in die Samro-oorsesebeurskompetisie in Augustus waar hy R115 000 in sy sak gesteek het. Die violis Avigail Bushakevitz was die wenner in dié kompetisie.

Malan is 'n meestersgraadstudent aan die Peabody-instituut van die John Hopkins-universiteit in Amerika.

Hy beoog om later aansoek te doen by die Universiteit van Suid-Kalifornië om onder die tjellis Ralph Kirshbaum te studeer.

Malan is die seun van Kobus Malan, eerste hobospeler in die Vrystaatse Simfonieorkes, en Kenau Beck, dosent aan die Universiteit van die Vrystaat.



Jacques-Pierre Malan

Rona Sonnenberg, 'n gedrewe afgetrede inwoner van Wakkerstroom in Mpumalanga, het 'n musiekfees op dié dorp tot stand gebring en nou ook dié kompetisie vir jong musici.

Talle borge het haar ideaal ondersteun om jong musici die geleentheid te bied om verder te studeer en/of aan meesterklasse te kan deelneem.

Dertien vooraf gekeurde kandidate – 11 pianiste, 'n tjellis en 'n saxofoonspeler – het die naweek in twee rondes deelgeneem waaruit vier finaliste gekies is.

# Locals do well in competition

Pretoria flautist Cobus du Toit (21), a University of South Africa (Unisa) student and cellist JP Malan, a student at the University of Pretoria were runners-up in category prizes in the second Ronnie and Rhona Lubner solo competition.

The competition was held at the Sacs Auditorium in Newlands on July 4.

The competition precedes the annual Sasol South African National Youth Orchestra course, which is held in Cape Town this year.

Cape Town violist Avigail Bushakovitz (18) was the overall winner.

Avigail, who is studying for her B Mus degree through Unisa, is a student of Jack de Wet.

She won a cash prize of R15 000, the strings category prize of R5 000 and an engagement with the Sasol South African National Youth Symphony Orchestra to play in a concert next year.

The woodwind category winner was 13-year-old Hamman Schoonwinkel of Welgemoed and the runner-up prize was awarded to the French horn player, Marian van Duyker (23) from Fish Hoek.

The judges were Eric Albertyn, HOD of music at the Nelson Mandela Metropolitan University of Port Elizabeth, flautist and teacher Eva Tamassi, clarinettist and teacher Jim Reinders and composer Hans Huyssen.

Avigail said she is more than thrilled to win the prize and she will use the money towards auditions to further her studies.



Cellist Jacques Malan (18), a Centurion student at the University of Pretoria, was one of the runners-up in the second Ronnie and Rhona Lubner solo competition held at the Sacs Auditorium in Newlands on July 4.